



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

MAART 2015 Nr 67

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Hoop, op die hoek van die straat

Dit is Edwin se beurt om by die robot te staan. Hy het 'n verflenterde bruin karton waarop die gewone geskryf staan: "Help asseblief, ek is siek, (groot mediese term) onderlede. God bless." Soggens het ek en Edwin 30 sekonde gesprekke, net as die lig rooi is voordat die pyl na regs, groen begin flikker en ek moet ry. Wanneer die pyl reeds groen flikker, waai ek vinnig en lyk Edwin vir 'n paar oomblikke teleurgesteld. Die gesels en paar rand is dan verbeur...

So het ek in kort verhale van 'n paar sekondes, meer van Edwin te wete gekom. Kortasem, half hygend. "Ek het *myntysis* meneer. Die hospitale kan niks vir my doen nie. Nasionaal het ook nie meer die pompies wat ek gebruik nie. Nasionaal het eintlik niks meer medisyne nie (verwytend). Kyk hoe maer is ek." Hy druk sy seningrige arms deur die venster dat ek mooi kan sien. "Maar ek onthou van 'n dokter wat my altyd gehelp het (hy noem die naam), as ek hom net in die hande kan kry, hy sal my help."

Wanneer ons weer sien, gaan hy voort asof daar geen onderbreking was nie. "Ek wag eintlik vir my eis by die myn. As dit uitbetaal gaan ek vir my 'n bakkie koop en bietjie *recycling* doen." Agter hom lê sy verflenterde rugsak. 'n Lewe na die jare op die myn, in een sak. Maar Edwin hoop steeds... as die eis uitbetaal, die bakkie en 'n eie besigheid.

Soos ons vriendskap en 30 sekonde gesprekke meer word, leer ek van hoop as jy niks oor het nie. En drome. Dink ek onwillekeurig aan my eie skete en goeie mediese sorg. Ook die hoop wat die kerk bring vir die randfigure. Die met "tysis" en bagasie, meer as wat in hulle rugsak kan pas.

As ek eerlik moet wees, is ek ook teleurgesteld wanneer die pyl groen flikker. Dan mis ek 'n volgende hoofstuk van Edwin se lewe en sy hoop op 'n beter toekoms. Sy asem al hoe korter...

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

18 – 20 MAART: "Gebou om te hou"

(Reeks werksinkels om die uitdagings van die bediening die hoof te bied). Vier blokke word deur kenners, elk van hul vakgebied, aangebied.

Die werksinkels is oop vir alle leraars, eggenotes, kerkleiers en belangstellendes!

Blok 1: Die 'Toolbox' van 'n Veerkragtige Leraar

Aanbieders: Drs Annette Prins, Annette Wyers, Ronel van der Watt en mev Rozanne Raath

Plek: BloemCare Konferensie Sentrum – AG Visserstr 11, Langenhovenpark, Bloemfontein

VBO-Punte: 20 per blok (Totaal 80)

NB: U kan tot Dinsdagoggend nog registreer

Registrasie: SMS D54582 en u naam na 31029

VBO-Winterweek

22 – 24 JUNIE 2015

Tema: Jubel en Hoop

Die volgende tema's vorm deel van die program:

1. Geestelike verdieping
2. Digitale kultuur
3. Veranderende sosio-ekonomiese werklikheid
4. Ekonomie van Ekologie
5. Eenheid, versoening en geregtigheid
6. Kerklike Transformasie

Plek: UV-Kampus, Bloemfontein

VBO-Punte: 30

Registrasie: SMS D16616 en u naam na 31029



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.